LAERSKOOL STELLENBOSCH

SKIETBELEID

Die skietklub is in 2009 gestig en is tans onder leiding van Mnr Pieter Potgieter.

1. OEFENINGE

Oefeninge geskied in die skoolsaal gedurende die 2de en 3de kwartaal op Dinsdae vanaf 16:45 – 17:45.

Leerders skiet op 'n afstand van 10m na 'n papierteiken in drie skietdissiplines (lê, kniel en staan).

Wapenveiligheid word aangeleer en streng toegepas by elke oefening.

2. OUDERDOM

Graad 4 – 7 leerders mag deelneem. 'n Maksimum van 20 leerders mag deelneem as gevolg van 'n tekort aan spasie en ook die veiligheid van die leerders.

3. TOERUSTING

3.1 WAT LEERDERS MOET SAAMBRING

Leerders wat onseker is of hulle die sport wil beoefen moet opdaag by oefeninge, waar hulle geleentheid sal kry om met die skool se windbukse te skiet.

Leerders moet hulle windbukse binne in 'n sak skool toe bring. Geen windbuks mag in die klas gehou word gedurende die dag nie. Die windbukse mag slegs by die oefeninge uit die sak gehaal word.

Die windbukse waarmee leerders deelneem se patroon spoed mag nie 1000 voet/sekonde oorsky nie. Hulle mag met enige versier by die oefeninge skiet.

Deelnemende leerders moet platpunt patrone saambring.

3.2 WAT VOORSIEN DIE SKOOL

Matte vir die leerders om op te lê.

Staalbokse waarop papier teikens gemonteer word.

Papierteikens

Maskeerband om papierteikens in plek te hou.

4. VEILIGHEID

Die eerste oefening word daar slegs op wapenveiligheid gefokus. Elke nuwe deelnemer word eers deur die wapenveiligheid-roetines geneem voordat hulle mag deelneem.

Voordat skiet begin, word al die saal se deure gesluit en rooi vlae word buite die hoofdeur gesit. Daar word deurlopend gedurende die les verseker dat die leerders veilig optree. Enige leerder wat onveilig optree se windbuks sal vir die oefening verwyder word en hy/sy sal nie verder mag deelneem nie.

Dit is uiters belangrik dat leerders na die opdragte van die afrigter(s) luister.

5. KOMPETISIES

Leerders wat potensiaal toon sal aangeraai word om in die Wes-Kaap Skole Skietvereniging(WKSSV) se kompetisies deel te neem om sodoende moontlik provinsiale klere te verower. Die skool sal help om die leerder vir die kompetisies te registreer. Daar is ook ander windbuks skietkompetisies waaraan leerders kan deelneem.

AANVAAR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM OP 24/10/2023

VOORSITTER

SEKRETARESSE

SKOOLHOOF